

9 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 7 en 8; Hebreërs 2

Fokusgedeelte: Psalm 8

'n Loflied. Wat 'n ontnugtering

Hierdie is werklik 'n lofpsalm waarin die Here verheerlik en geloof word omdat Hy God is. Die digter noem die Here hier op sy Ou-Testamentiese verbondsnaam, maar hier word nie melding gemaak van een of ander daad van verlossing of hulp wat die Here gegee het nie. Hier word wel genoem dat God vir die mens sorg, "... aan hom dink" en "... na hom omsien" (8:5).

Dit gaan ook nie in hierdie loflied om een of ander *eienskap* van God nie. Dit gaan gewoon daarom dat die lof van die Here besing word *omdat Hy God is*. Die aarde, die hemelruim en die kinders sing van die grootheid van God. Dit is tog so dat daar van God se skepping 'n getuenis uitgaan oor sy grootheid (Ps 19).

Die ontnugtering waarmee 'n mens gekonfronteer word, is die vraag: Is dit regtig so dat mense, (*kinders en suigeling*) die naam van die Here grootmaak en verheerlik? Is die mens vandag werklik eerbaar in sy heerskappy oor God se skepping? Bring die wyse waarop mense oor God se skepping heers nie net leed en pyn en lyding voort nie? Is dit so dat God werklik die lof ontvang wat Hom toekom?

Ons het hier met 'n *geloofpsalm* te doen. Natuurlik is dit so dat die mens aan God nie die eer gee wat Hom toekom nie. Hebreërs 2 stel die saak in perspektief: Alles is nie aan die mens onderworpe nie, want die mens is nog aan die sonde onderworpe. Die mens is allermins uit homself wonderlik. Dit is egter Jesus Christus wat met eer en heerlikheid gekroon is; dit is Hy wat regeer.

As ons dit in die geloof raaksien, gaan die roem en eer nie na die wonderlike mens nie. Ons sien die mens, Jesus Christus en sy heerskappy oor alles en dan loof ons God omdat Hy God is. Dit gaan om wie Hy is en nie altyd oor wat Hy vir ons kan beteken nie – dit is selfsugtig!

Sing: Psalm 19:1

Dr DJS Steyn (Emeritus)